

“Navorsing voed my siel”: Die verkenning van passie en produktiwiteit in die vertellings van erkende navorsers

Eleanor M. Lemmer

Eleanor M. Lemmer, Skool van Opvoedkunde, Universiteit van Suid-Afrika

Opsomming

Navorsingsproduktiwiteit, soos tradisioneel gemeet aan publikasies in portuurbeoordeelde vaktydskrifte, patenttellings en kliniese proewe, is van kardinale belang in openbare hoëronderwysinstellings wêreldwyd. 'n Aansienlike korpus van literatuur is oor die bepalers van navorsingsproduktiwiteit ontwikkel; die rol van navorsers se passie is egter opsigtelik afwesig in die produktiwiteitsdiskoers. Akademiese gesprekke oor die persoonlike en emosionele betekenis van navorsing, soos passie, in die openbaar is grootliks taboe, omdat daar geglo word dat dit afbreuk doen aan die objektiewe aard van ernstige vakkundigheid. Ten einde hierdie gaping te vul, poog hierdie artikel om 'n ruimte te skep vir die bespreking van passie in die akademiese wêreld en hoe dit met navorsingsproduktiwiteit verband hou. 'n Teoretiese raamwerk is geskep deur Csikszentmihalyi se vloeiteorie en die rol daarvan in hoë wetenskaplike en kreatiewe prestasie, Vallerand se Dualistiese Model van Passie (DMP) vir lewensaktiwiteite en Neumann se teorie van akademiese studie as die uitoefening van passievolle denke. Gebaseer op die teoretiese oriëntering word *passie* losweg omskryf as 'n sterk en gebiedende geneentheid teenoor 'n aktiwiteit wat gekenmerk word deur intense gevoelens van genot en opgewondenheid en wat herhaalde uitvoering van die aktiwiteit aanspoor. 'n Kwalitatiewe studie het passie vir navorsing in die loopbaannarratiewe van bewese navorsers aan 'n Suid-Afrikaanse universiteit ondersoek. Deelnemers is geselekteer deur middel van 'n doelbewuste steekproef op grond van institusionele kategorisering as bewese navorsers ooreenkomstig vasgestelde kriteria ten opsigte van navorsingsuitsette. Semigestruktureerde indringende onderhoude het verken hoe deelnemers passie in die loop van hul professionele loopbane in hul wetenskaplike en kreatiewe werk uitgedruk het. 'n Tematiese ontleding van die vertellings het die volgende temas opgelewer: die ontdekking van navorsingspassie; vloei en die fases van passievolle denke; passie en navorsingsprestasie wat volhoubaar hoog is; en die kweek van 'n kultuur van passie. Hierdie studie vind aansluiting by die interdisiplinêre literatuur oor passie en doen aan die hand hoe 'n kultuur van passie deur instellings erken en ondersteun kan word ten einde navorsingsproduktiwiteit in hoër opvoeding te bevorder.

Trefwoorde: bewese navorsers; Dualistiese Model van Passie (DMP); hoër onderwys; kultuur van passie; kwalitatiewe ondersoek; navorsingsproduktiwiteit; passie; passievolle denke; vloei

Abstract

“Research is what keeps my spirit alive”: Exploring passion and productivity in the narratives of proven researchers

Research productivity, as traditionally measured by publications in refereed journals, patent counts and clinical trials, is a matter of cardinal importance in public higher education institutions worldwide. Both the prestige of an academic institution as determined by international rankings and the reputation of the individual academic rest largely on these measurements. Given the importance of research performance, leaders in higher education have long been concerned with identifying policy and institutional factors that encourage and sustain research productivity. A substantial body of literature has been developed around the determinants of research productivity; however, the role played by researcher passion is conspicuously absent from the productivity discourse. Passion is regarded as a nebulous notion which is subsumed under the variable of researcher motivation and it is conspicuously absent from institutional strategies focused on increasing research productivity due to its apparent lack of objective measurability. Furthermore, public academic talk about the personal and emotional meanings of research, such as passion, is largely taboo, as this is seen to detract from the objective nature of serious scholarship. To address this gap this paper explores the notion of researcher passion and its alignment to research productivity in the narratives of proven researchers working in a variety of academic disciplines at a South African university through a qualitative inquiry.

Csikszentmihalyi's theory of flow, Vallerand's Dualistic Model of Passion (DMP) for life activities and Neumann's theory of scholarship as the practice of passionate thought provided the theoretical framework for the inquiry. Csikszentmihalyi (1996) explains high performance in scholarly and creative work, sports and the performing arts by means of the core concept of *flow*. Flow indicates the mental state of operation in which a person performing an activity is fully engaged in a feeling of energised focus, complete involvement and enjoyment in the process of the activity. Flow leads a person to persevere in and return to an activity time and again because of the intense enjoyment the activity holds rather than because of the reward of an external goal. Informed by the work of Csikszentmihalyi and extending the research on motivation, Vallerand posits his Dualistic Model of Passion for life activities. *Passion* is defined as a powerful inclination towards a self-defining activity which is a valued part of one's life and identity and in which one engages in sustained and intentional practice. Further, Vallerand (2012b) distinguishes between two types of passion: maladaptive or obsessive passion and harmonious passion. Harmonious passion arises from the autonomous internalisation of the valued activity into one's identity and it produces sustained psychological well-being through the positive emotions aroused by regular and repeated activity engagement. Maladaptive passion produces a sense of pleasure from the

activity which is controlling and which leads to an inflexible persistence towards the activity at the cost of well-being.

While Csikszentmihalyi's and Vallerand's disciplinary roots lie in positive psychology, Neumann's theory of passionate thought is singular in its specific application to the university as workplace. Neumann extends Csikszentmihalyi's flow by positing a theory of scholarship anchored in the process of "passionate thought" expressed in and through any scientific tradition. Neumann identifies six stages in the process of passionate thought: peak emotion; absorption; sensation; intensified awareness; discernment; and creation. The scholar-researcher experiences distinct and bounded peak experiences of emotion during the practice of his/her discipline, which contribute to an intense and personal absorption in his/her work. This concentrated absorption inspires palpable and vivid embodied sensations of joy, satisfaction and self-fulfilment which, in turn, lead to an intensified awareness of the subject studied. In this mode, the scholar-researcher is propelled towards moments of discernment and insight during which he/she discovers or synthesises new patterns, structures and meanings to solve the "puzzle" at the core of all research, irrespective of discipline. Based on the data uncovered during discernment, the scholar-researcher develops new knowledge and devises new ways of doing things. Passionate thought both sustains the scholar-researcher during inevitable times of frustration and draws the scholar-researcher back repeatedly into the research process.

Informed by this theoretical framework, in this paper passion is loosely defined as a powerful and compelling inclination toward an activity which is characterised by vivid feelings of pleasure and excitement and which fosters recurrent engagement in the activity.

Against this background data was gathered from a purposeful sample of 14 researchers (six men and eight women) at a South African university. All the participants met the following inclusion criteria: they had been active in academe for more than 20 years and were categorised as "proven" researchers by the institution on the basis of a stipulated number of research outputs. This number had, in most cases, been exceeded by individual efforts. Furthermore, all the participants were married and were over 50 years of age. Six participants also held research ratings from the National Research Foundation.

Disciplinary fields represented were the humanities, social sciences, the arts, management and economic sciences and the natural sciences. Semi-structured in-depth interviews explored how participants had expressed passion in their scientific and creative work during their professional careers. An opening question requested participants to recollect their career experiences in general with a view to opening up a space to explore the role played by passion in researcher productivity. A broad and flexible interview schedule allowed for further exploration of pre-planned topics of interest, including personal development as a researcher; research and creative endeavours; research foci; career highlights and setbacks; and institutional research climate and incentives. All interviews were digitally recorded and transcribed verbatim for analysis. Ethical requirements were fulfilled by obtaining institutional clearance, informing participants of the research aim, voluntary participation and participant confidentiality through the use of pseudonyms and the removal of specific information that could lead to identification. Although the study did not aspire to produce a grounded theory, analytic guidelines for grounded theory analysis were adopted in

the data analysis. Trustworthiness of data was sought by the application of Guba's criteria: credibility, dependability; confirmability and transferability.

The findings present four main interpretative themes: the discovery of research passion; flow and the stages of passionate thought; passion and sustainable high research performance; and fostering a culture of passion for research. Firstly, participants confirmed that becoming a researcher is part of an incremental and lengthy process of individual personal development starting as far back as childhood, as well as the gradual socialisation into a community of scholars. However, all participants referred to an outstanding peak experience marked by strong positive emotion: a micro-moment of enlightenment in their career trajectories which marked the birth of a serious, intentional commitment to doing research. Secondly, flow as defined by Csikszentmihalyi and described by Neumann's first, second and third stages of passionate thought (peak emotion, absorption and sensation) were discernible in participants' accounts of doing research. During these experiences time and self-interest were suspended in the joy of the creative moment and participants recognised this as the spur to further research activity. Two participants, however, also identified a darker side of flow: its potential to take over other legitimate activities and to dominate normal life. These instances illustrated how insidiously harmonious passion can slip into obsessive passion. Thirdly, passion as described by the participants drove and sustained their research productivity over the long term. Thus, passion kept the researcher on task until the fifth stage of passionate thought (creation) was reached, no matter how long or arduous the process and irrespective of daily frustration and occasional failure. Fourthly, participants recognised that passion for doing research cannot be separated from institutional policy, structures and resources that make research possible. In this regard, they identified several external enabling factors for doing research. Yet they remained convinced that research revolves principally around the researcher's intrinsic pleasure and fascination in a puzzle-solving enterprise above reward-driven motivation. They agreed that to foster a culture of passion in the university is no easy task: it requires a shift in thinking about the drivers of high performance, a revision of organisational architecture and the commencement of a new conversation around research productivity.

The study was confined to a fairly homogeneous group of participants who had inhabited the same university environment and had been exposed to the same institutional research culture for a similar period. It was thus recognised that participants' shared beliefs and experiences about research could be cohort and context specific. Notwithstanding this limitation, the findings connected with the interdisciplinary literature on passion and suggest how a culture of passion could be recognised and supported by institutions to enhance research productivity in higher education. University leaders should take seriously the role played by passion in research and devise ways in which they can promote a culture of passion as an emotional reality in the university environment. To do this, passion for research has to be introduced into the public discourse of academe. This calls for a disruption of the view that valid academic endeavour is a disembodied and dispassionate activity, stripped of creative imaginings, the appeal of the aesthetic and strong positive emotions.

Keywords: culture of passion; Dualistic Model of Passion (DMP); flow; higher education; passion; passionate thought; proven researchers; qualitative inquiry; research productivity

1. Inleiding

Navorsingsproduktiwiteit is wêreldwyd van kardinale belang in openbare hoër onderwys. Dit word tradisioneel gemeet aan publikasies in portuurbeoordeelde vaktydskrifte, veral vaktydskrifte wat in die internasionale wetenskaptaal Engels gepubliseer word (Neill, Thompson en Gibson 2015; Dwyer, Lewis, McDonald en Burns 2012), patenttellings onder meer bedryfsgeoriënteerde wetenskaplikes, en kliniese proewe in die biomediese wetenskappe (Dietz en Bozeman 2005). Boekproduktiwiteit genereer heelwat minder aandag en aansien, hoewel boeke wat op beide 'n eksterne en kundige leserskring gerig is, 'n belangrike uitvloeisel van akademiese studie op alle terreine is (Altbach 2015). Regerings en befondsingsliggame gebruik tellings van publikasies, patente en kliniese proewe as bewys van 'n instelling se belegging in navorsings- en ontwikkelingstoelaes (Kern 2011). Beide die aansien van 'n akademiese instelling soos bepaal deur internasionale rangordes en die reputasie van 'n individuele akademikus berus grootliks op hierdie metings (Albrecht, Thompson en Hoopes 2011). Daarbenewens verskaf heelparty ministeries van hoër onderwys subsidies ter erkenning van navorsingsproduktiwiteit aan universiteite, wat op hulle beurt betalings aan verantwoordelike fakulteitslede doen (Altbach 2015). Dit is ook die geval in hoër onderwys in Suid-Afrika, waar die huidige beleidsraamwerk op prestasiegebaseerde befonding fokus (Callagan en Coldwell 2014; Ministerie van Onderwys 2003; Republiek van Suid-Afrika 2015). Die aanwending van prestasielone maak individuele navorsing 'n toenemend winsgewende uitvloeisel van 'n akademiese loopbaan. Voorts is die verkryging van eksterne navorsingstoelaes 'n aanduiding van institusionele en individuele prestasie en, op sekere wetenskaplike gebiede, 'n voorwaarde vir navorsingswerk. Desnieteenstaande is toelaagbefonding relatief moeilik bekombaar in 'n geglobaliseerde omgewing wat hoogs mededingend is (Altbach 2015).

Vanweë die belangrikheid van navorsingsprestasie is beleidmakers en leiers in hoër onderwys al vir 'n geruime tyd gemoeid met die identifisering van die beleid- en institusionele faktore wat navorsingsproduktiwiteit aanmoedig en steun (Kern 2011). Ten einde hierdie doel te verwesenlik, is 'n aansienlike korpus van literatuur rakende die bepalers van navorsingsproduktiwiteit ontwikkel. Eienskappe van individuele navorsers wat navorsingsuitset beïnvloed, sluit in geslag, ras, sosio-ekonomiese stand, huwelikstatus en lewensiklusfasies. Akademiese faktore behels die gehalte en duur van nagraadse opleiding, institusionele affiliasie, doseerlading, akademiese dissipline en toelaagtoewysings. Institusionele faktore sluit beloning- en erkenningstelsels en die verspreiding van hulpbronne en ondersteuning in (Dietz en Bozeman 2005). Die identifisering van 'n wye verskeidenheid faktore wat navorsingsproduktiwiteit in hoër onderwys beïnvloed, demonstreer die komplekse en multidimensionele aard daarvan (Dundar en Lewis 1998). Verklarende modelle van produktiwiteit poog om die dinamiese wisselwerking van vername faktore of groepe faktore rakende navorsingsproduktiwiteit te illustreer en gaan dus verder as assosiatiewe studies wat daarop gerig is om 'n spesifieke faktor met die kwantiteit van uitsette te verbind. Finkelstein (1984) se vroeë model gee 'n duidelike prentjie van 'n suksesvolle navorser; hy beklemtoon egter navorseropleiding, -gewoontes en -aktiwiteite in plaas van intrinsieke persoonlikheidseienskappe. Dundar en Lewis (1998) se model fokus op institusionele faktore, waarvan fakulteitgrootte, wat geleenthede bepaal vir navorsings-medewerking en die aantal gesiene professore wat deel van die personeel is, besonder belangrik is. Teodorescu (2000) se internasionale model toon dat 'n fakulteit se lidmaatskap

van professionele verenigings en bywoning van konferensies 'n positiewe invloed op produktiwiteit het. Bland se model (kyk Bland, Sequist, Pacala, Center en Finstad 2002; Bland, Center, Finstad, Risby en Staples 2005) demonstreer die interaksie tussen drie interafhanklike groepe faktore wat produktiwiteit beïnvloed: individuele veranderlikes, institusionele veranderlikes en veranderlikes van institusionele leierskap. Institusionele leierskap van die ontwikkeling van navorsingsbeleid, en van navorsingspraktyk in die besonder, word as bepalend aangedui.

Van besondere belang vir hierdie artikel is Kern (2011) se omvattende model wat aan die hand doen dat navorsingsproduktiwiteit beïnvloed word deur die dinamiese wisselwerking tussen ses oorheersende faktore: befondsing; vaardighede van die navorser; institusionele doeltreffendheid; die navorsingskombinasie (*research mix*) van oorspronklikheid, geleidelike vordering en bevestigende ondersoek; analitiese akkuraatheid; en passie of geesdrif van die navorser. Kern se model is nie samevoegend nie; dit hanteer die ses oorheersende faktore as vermenigvuldigend. Gevolglik sal 'n leemte in een faktor navorsingsproduktiwiteit benadeel ten spyte van verbeterings in ander faktore, ongeag hulle ooglopende belangrikheid en sigbaarheid. Groter finansiële belegging in navorsing en die werwing van hoogs bedrewe navorsers sal byvoorbeeld nie vergoed vir swak administrasie, 'n gebrek aan 'n kultuur van medewerkende navorsing of swak motivering nie. Daarbenewens is hierdie model uniek in die opsig dat dit die konsep van navorserpassie verhoog tot die status van 'n dominante faktor wat gelyk aan die ander vyf faktore is.

Kern (2011:953) definieer *passie* soos volg: "a compulsion to perform, impatience to see a result, uncompleted enjoyment and participation, gumption". Passie word nie by kwaliteitsveranderlikes van individuele navorsers ondergebring nie, maar geniet die status van 'n onafhanklike faktor in hierdie model. Kern se proposisie aangaande passie druis in teen die algemene produktiwiteitsdiskoers waar passie as 'n vae en betwiste konsep beskou word, heel waarskynlik by die veranderlike van navorsermotivering ondergebring word en opsigtelik afwesig is van institusionele strategieë wat gerig is op die verhoging van navorsingsproduktiwiteit vanweë die skynbare gebrek aan objektiewe meetbaarheid daarvan (Courpasson 2013; Kern 2010; Cardon, Gregoire, Stevens en Patel 2013). Neumann (2005:69) sê die volgende:

[Within] the normative structure of academe, the personal (and emotional meanings) infusing professors' scholarly learning get short shrift. Public academic talk about the personal meanings of one's work or the emotional content of study is largely taboo. The press for institutional survival, social legitimacy, and financial and political gain, typically call for a presentation of scholarship as objective and outwardly directed, negating the personal origins of research in researchers' lives.

Kern (2011) kom tot die gevolgtrekking dat indien instellings passie as 'n noodsaaklike bepaler van navorsingsproduktiwiteit misken of as onbelangrik afmaak, dit neerkom op 'n mislukking vir akademiese leiers wat daarna streef om institusionele produktiwiteit te bevorder en individuele navorsingsuitsette te verhoog.

Teen hierdie agtergrond verken hierdie artikel die ervaring van navorserpassie in die vertellings van erkende navorsers wat in 'n verskeidenheid akademiese dissiplines by 'n

Suid-Afrikaanse universiteit werk, en hoe navorserspassie met navorsingsproduktiwiteit verband hou. Met dié doel is 'n kwalitatiewe ondersoek volgens 'n interpretatiewe benadering (LeCompte en Preissle 1993) uitgevoer waartydens data via doelbewuste steekproefneming van inligtingryke deelnemers bekom is deur van semigestruktureerde onderhoude as dataversamelingstegniek gebruik te maak.

2. Teoretiese raamwerk

As grondslag vir hierdie ondersoek na passie as 'n faktor in navorsingsproduktiwiteit het ek 'n teoretiese raamwerk geskep deur gebruik te maak van Csikszentmihalyi (1990; 1996; 1997; 2000) se teorie van "vloei" en hoë wetenskaplike en kreatiewe prestasie, Vallerand (2010; 2012a; 2012b; 2015) se Dualistiese Model van Passie (DMP) vir lewensaktiwiteite en Neumann (2005; 2006; 2009a; 2009b) se teorie van akademiese studie as die uitoefening van passievolle denke. Csikszentmihalyi (1996) verklaar hoë prestasie in akademiese en kreatiewe werk, sport en die uitvoerende kunste met behulp van die sleutelkonsep van "vloei" as die essensiële komponent van uitnemende prestasie, ongeag die ekstrasieke belonings wat verkry kan word deur die persoon wat die aktiwiteit verrig. Csikszentmihalyi se konsep van vloei het Deci en Ryan (1985) se werk rakende intrinsieke motivering aansienlik uitgebrei en sodoende begrip van die subjektiewe geleefde ervaring van intrinsieke motivering (Nakamura en Csikszentmihalyi 2009) opgehelder. *Vloei* dui op die geesteswerksaamheid waar 'n persoon wat 'n aktiwiteit verrig, volkome 'n gevoel van energieke fokus, algehele betrokkenheid en genot in die uitvoer van die aktiwiteit beleef (Nakamura en Csikszentmihalyi 2009). In wese word vloei gekenmerk deur 'n volkome verdieping in dit waarmee jy besig is. Volgens Csikszentmihalyi (1990) veroorsaak vloei dat 'n persoon met 'n aktiwiteit volhou en keer op keer daarna terugkeer as gevolg van die intense genot wat dit inhou eerder as die beloning van 'n eksterne doelwit. Gevolglik bevorder die ervaring van vloei mettertyd die ontwikkeling van hoëvlakvaardighede. Sekere toestande is nodig om vloei te ervaar: 'n persoon moet geleenthede waarneem vir aktiwiteite wat sy of haar vermoëns en vaardighede uitbrei maar nie oorskry nie, duidelike en betekenisvolle doelwitte hê en onmiddellike terugvoering op vordering ontvang (Csikszentmihalyi 2000).

Die belewenis van vloei het vyf kenmerke: volkome verdiepthed in die hier en nou; verlies aan bewustheid van jouself as 'n sosiale akteur; 'n gevoel van beheer oor die dikwels onvoorspelbare verloop van die kreatiewe proses; 'n gevoel van tydloosheid omdat jy volkome in die aktiwiteit verdiep is; en die ervaring van beloning inherent in die aktiwiteit self in plaas van eksterne dryfvere. *Vloei*-ervarings is binne alle geslagte, ouderdomsgroepe, klasse en kulture aangemeld en was van toepassing op 'n wye verskeidenheid aktiwiteite, soos sport, skaak, die uitvoerende kunste, literêre skryfwerk, rekenaargebruik, skoolgebaseerde leer en alle ander vorme van akademiese en artistieke werk.

Hiermee saam hou vloei belangrike voordele in vir die individu: 'n verhoogde gevoel van persoonlike geluk en behaaglikheid (Csikszentmihalyi en Hunter 2003), verhoogde betekenisstoeskrywing aan die lewe en aan werk (Nakamura en Csikszentmihalyi 2009) en hoër vlakke van vaardighedsontwikkeling en produktiwiteit by die werk en gedurende vrye

tyd (Csikszentmihalyi en LeFevre 1989). Werkplekstudies toon dat individue wat vloei ervaar, werk oplewer wat die gehalte van ander werknemers se werk oortref (Morgan 2005); hulle rapporteer hoër vlakke van energie en selfgenieting by die werk en tuis (Demerouti, Bakker, Sonnentag en Fullagar 2011) en verhoogde vlakke van werkstevredenheid (Bryce en Haworth 2002).

Vallerand (2010; 2012a; 2012b; 2010; 2015) se DMP vir lewensaktiwiteite put uit Csikszentmihalyi en sy kollegas se werk oor vloei en volg op Deci se voortgesette werk oor intrinsieke en ekstrinsieke motivering. In Vallerand se werk word die konsep van passie losgemaak van sy wortels in filosofie en algemene assosiasie met romantiese passie. Dit word soos volg gedefinieer: “a strong inclination towards a self-defining activity (or object) which one likes (or even loves), finds important and meaningful and in which one invests times and energy” (Vallerand 2012a:47). Vallerand se teorie (2012b) gaan dus verder as die algemene werk oor motiveringsteorie (Deci 1980; Deci en Ryan 1991; 2000) ten einde ’n nuwe konseptualisering van passie vir lewensaktiwiteite te ontwikkel. Vallerand (2012a) maak die opmerking dat intrinsieke motivering daartoe lei dat iemand ’n aktiwiteit van tyd tot tyd geniet, maar dat iemand wat passievol is oor ’n aktiwiteit dit ’n belangrike deel van sy of haar lewe en identiteit maak, die belangrike aktiwiteit as ’n passie beskou en die aktiwiteit op ’n deurlopende grondslag en doelbewus verrig. Daarbenewens onderskei Vallerand (2012b) tussen twee tipes passie: wanaangepaste of obsessiewe passie en harmonieuse passie. Harmonieuse passie spruit uit die outonome internalisering van die aktiwiteit waaraan waarde geheg word in jou identiteit en produseer volgehoue sielkundige welstand deur die ervaring van die positiewe emosies wat deur gereelde en herhaalde uitvoering van die aktiwiteit aangewakker word. Wanaangepaste passie produseer ’n gevoel van genot wat uit die uitvoer van die aktiwiteit verkry word wat allesoorheersend is en wat tot ’n onbuigsame volharding jeens die aktiwiteit ten koste van welstand lei. Die positiewe gevolge van harmonieuse passie word gedemonstreer deur verbeterde fisieke gesondheid, verhoogde lewensstevredenheid, ’n verhoogde gevoel van behaaglikheid, verhoogde lewenskrag en lewensin (Vallerand 2010) en verhoogde sielkundige aanpassing by aftrede (Houfort, Frenet, Vallerand, Laframboise, Guay en Koestner 2015).

Wanneer DMP op die werksomgewing toegepas word, het Philippe, Vallerand, Houfort, Lavigne en Donahue (2010) bevind dat mense met ’n harmonieuse passie vir hulle spesifieke werk positiewe verhoudings gekweek het met kollegas wat dieselfde aktiwiteit verrig het; hoogstaande deskundige prestasie ten toon gestel het (Vallerand, Salby, Mageau, Elliot, Denis, Grouzer en Blanchard 2007); en die doelbewuste verrigting van die taak op ’n volgehoue grondslag ter verbetering van hulle vaardighede gedemonstreer het (Vallerand 2015). Gevolglik poneer Vallerand se teorie dat harmonieuse passie (in teenstelling met beide intrinsieke en ekstrinsieke motivering wat deur belonings bemiddel word) ’n groot bydrae daartoe lewer om ’n betekenisvolle lewe te lei en hoë werkprestasie te lewer.

Terwyl Csikszentmihalyi en Vallerand se vakrigtingwortels in positiewe sielkunde gevind kan word, is Neumann (2005; 2006; 2009a; 2009b) se teorie van passievolle denke uniek omdat dit spesifiek met die universiteit as werkplek en die akademie of akademiese studie in verband gebring word. Neumann se werk is gefundeer in die bevindings van grootskaalse, longitudinale projekte wat die navorsingsbelewensisse van vas-aangestelde professore by

vername Amerikaanse navorsingsuniversiteite ondersoek het. Neumann (2006) poog om Csikszentmihalyi se vloeï uit te brei deur 'n teorie van akademiese studie te poneer wat veranker is in die proses van "passievolle denke" wat in en deur enige wetenskaplike tradisie uitgedruk word.

Neumann (2009b) identifiseer ses fases in die proses van passievolle denke: emosiehoogtepunt; verdiepthed; sensasie; verskerpte bewustheid; skerpsinnigheid; en skepping. Akademikus-navorsers beleef besliste en begrensde ervarings van emosiehoogtepunte in die uitoefening van hulle vakrigting wat tot 'n intense en persoonlike verdiepthed in hulle werk bydra. Hierdie intense verdiepthed gee aanleiding tot tasbare en duidelike liggaamlike sensasies van vreugde, tevredenheid en selfvervulling wat op hulle beurt lei tot 'n verskerpte bewustheid van die onderwerp wat bestudeer word. In hierdie modus ervaar sulke akademikus-navorsers oomblikke van skerpsinnigheid en insig waartydens hulle nuwe patrone, strukture en betekenis ontdek of sintetiseer om die "raaisel" agter alle navorsing, ongeag die vakrigting, op te los. Gebaseer op die data wat tydens skerpsinnigheid aan die lig kom, ontwikkel hierdie akademikus-navorsers nuwe kennis en bedink nuwe maniere om dinge te doen. Voorts, volgens Neumann (2009b), het die twee onderling verbonde prosesse van denke (kognisie) en emosie 'n tweevoudige gevolg: hulle stel die akademikus-navorsers in staat om uit te hou gedurende onafwendbare tye van frustrasie en mislukking, en bring saam die deursettingsvermoë voort wat nodig is om 'n onopgeloste navorsingsprobleem oor en oor aan te pak totdat 'n oplossing gevind word. Wanneer sukses behaal word, lei passievolle denke die akademikus-navorsers keer op keer terug na die navorsingsproses (d.w.s. die verfyning en verheldering van 'n probleem, eksperimentering, die maak van foute en, oplaas, die verkryging 'n belowende uitslag) in die uitgebreide verloop van hul loopbane (Neumann 2009b).

Neumann (2006) tref op drie vlakke 'n onderskeid tussen haar teorie van passievolle denke en Csikszentmihalyi se werk. Eerstens, terwyl Csikszentmihalyi "vloeï" identifiseer as die optimale toppuntervaring van kreatiwiteit wat in die hede gesetel is, argumenteer Neumann (2006) dat die proses van passievolle denke die ervaring van vloeï uitbrei sodat dit 'n deurlopende, onbegrensde spektrum van positiewe ervarings wat vasgelê is in die persoonlike, sosiale en biografiese geskiedenis van individue, waarvan 'n optimale ervaring slegs 'n deel uitmaak, insluit. Tweedens, waar vloeï gewoonlik op die ervaring van 'n enkele persoon fokus, verbreed Neumann (2006) die konsep van vloeï sodat dit die ervarings van een of meer persone wat interaktief aan 'n projek saamwerk, insluit; passievolle denke kan dus soms ook die gekombineerde intellektuele of artistieke werksaamhede van 'n span akademici of van 'n toesighouer en nagraadse student insluit. Derdens is passievolle denke nie net in die huidige oomblik van aktiwiteit gesetel nie. Dit kan ook spruit uit soortgelyke vorige ervarings, deurdat herinneringe van vreugdevolle oomblikke van wete en ontdekking 'n invloed kan hê op die aktiwiteit wat in die hede verrig word. Akademiese belangstelling in 'n verskynsel, in die besonder, spruit dikwels uit vervloë oomblikke van verwondering in die kinder- of tienerjare. Oor sy of haar leeftyd heen dien die vorige ervarings van die jong persoon as skolier as dryfveer vir die volwassene se wetenskaplike en akademiese werksaamhede, en laasgenoemde put voortdurend nuwe inspirasie uit beide die ophaal van herinnerings en die huidige ervaring van ontdekking (Neumann 2006).

In die lig van bostaande bespreking maak ek die gevolgtrekking dat harmonieuse passie (die sterk en dwingende geneentheid tot 'n aktiwiteit wat deur duidelike gevoelens van genot, plesier en opgewondenheid gekenmerk word, herhaalde uitoefening van die aktiwiteit aanmoedig en positiewe resultate oplewer) 'n belangrike rol vervul in die totstandkoming en bevordering van vloei as 'n komponent van die proses van passievolle denke. Ek neem dus 'n diskursiewe posisie in rakende passie, wat tot dusver gemarginaliseer is in huidige universiteitsnavorsingskontekste wat op navorsingsproduktiwiteit fokus, om as grondslag te dien vir die kwalitatiewe studie waarvan daar in die volgende gedeelte van hierdie artikel verslag gedoen word.

3. Metode

Die studie verken passie in die vertellings van erkende navorsers wat in 'n verskeidenheid akademiese dissiplines by 'n Suid-Afrikaanse universiteit werk, en hoe hul passie met hul navorsingsproduktiwiteit verband hou.

Die vraag wat gestel is ten einde die kwalitatiewe ondersoek te rig, was: Hoe manifesteer en funksioneer 'n passie vir navorsing in die loopbane van bewese navorsers oor 'n lang akademiese loopbaan? Die vraag is beantwoord met behulp van 'n verkenning van passietemas in bewese navorsers se mededelings oor hul loopbane. Data is ingesamel van 14 navorsers – ses mans en agt vroue – wat by 'n Suid-Afrikaanse universiteit werk en wat deur middel van 'n doelbewuste steekproef (McMillan en Schumacher 2006) geselekteer is. Die deelnemers het aan die volgende kriteria vir insluiting voldoen: hulle was vir minstens 20 jaar aktief in die akademiese wêreld en is op grond van 'n vasgestelde aantal navorsingsuitsette deur hulle instelling as “bewese” navorsers gekategoriseer. In die meeste gevalle is die navorsingsuitsette deur individuele werksaamhede oortref. Ses van die deelnemers het ook graderings van die Nasionale Navorsingstigting gehad. Vakrigtings wat verteenwoordig is, sluit die geesteswetenskappe, die sosiale wetenskappe, die kunste, bestuur en ekonomiese wetenskappe en die natuurwetenskappe in. Al die deelnemers was getroud en bo die ouderdom van 50; vyf van die deelnemers het aangedui dat Engels hul huistaal is en nege het aangedui dat Afrikaans hul huistaal is. Al die deelnemers het albei tale goed beheers. Al die deelnemers publiseer hoofsaaklik in Engels, wat die internasionale wetenskaptaal is (Altbach 2015:6). Ek is 'n gevestigde lid van dieselfde universiteitsgemeenskap waartoe die deelnemers behoort; uitnodigings om aan die studie deel te neem, is geredelik aanvaar.

Data is versamel deur middel van indringende, semigestruktureerde individuele onderhoude wat by deelnemers se huise of kantore gevoer is, met 'n digitale opnemer opgeneem en verbatim getranskribeer is. Die onderhoude het tussen 60 en 120 minute geduur en het sonder agtergrondgeraas of onderbrekings plaasgevind. Elke onderhoud is in die taal van die deelnemer se keuse (Engels of Afrikaans) gevoer. Drie onderhoude is uitsluitlik in Afrikaans gevoer en vier is uitsluitlik in Engels gevoer. Tydens die res van die sewe onderhoude het die deelnemers dikwels uit vrye wil en maklik van die een taal na die ander oorgeskakel om 'n spesifieke anekdote te vertel, wat kenmerkend van 'n tweetalige kommunikatiewe konteks is.

Die deelnemers is met 'n openingsvraag versoek om terug te dink aan hulle loopbaanbelewensisse in die algemeen ten einde 'n ruimte te skep waarbinne die rol van passie in navorserproduktiwiteit verken kon word. 'n Ruim en buigsame onderhoudskedule het dit moontlik gemaak om voorafbeplande onderwerpe van belangstelling, insluitende persoonlike ontwikkeling as 'n navorser, navorsing en ander kreatiewe ondernemings, navorsingsfokusse, loopbaanhoogtepunte en -terugslae en institusionele navorsingsklimaat en -aansporings, te verken. Bykomende vrae kon maklik gestel word soos wat die onderhoude ontvou het. In alle onderhoude het deelnemers se mededelings oor hulle ervarings in 'n ongestruktureerde, hoogs persoonlike formaat voorrang geniet. Soos Charmaz (2010) aanbeveel, is elke onderhoud afgesluit met 'n kort tyd van wedersydse oordenking waartydens ek my begrip van die deelnemer se belewensisse gekontroleer het en sekere feite, soos datums en name, bevestig het. Aangesien ek 'n gevestigde lid van dieselfde akademiese gemeenskap is, was ek ten volle vertrouwd met die terme, strukture en prosesse wat die deelnemers opgehaal het. Daarbenewens is die deelnemers aan die einde van die onderhoude geleentheid gegee om vrae te vra of kommentaar oor die belang van die studie te lewer.

Dit het voorgekom asof dataversadiging (d.w.s. die punt waar geen nuwe inligting na vore gekom het nie) (Bowen 2008) ná ongeveer tien onderhoude bereik is; nieeenstaande het ek al 14 onderhoude gevoer, soos beplan, om te verseker dat enige veranderlikheid in die data dieselfde patroon volg. Ek het gepoog om deurgaans 'n induktiewe en interpretatiewe posisie tydens die onderhoude te handhaaf. Ek het die deelnemers dus nie direkte of leidende vrae oor die konsep van passie gevra nie. Ek het toegelaat dat vertellings wat op passie dui soos dit in die teoretiese raamwerk omskryf word, spontaan uit die loopbaannarratiewe na vore kom. My doelwit was om die deelnemers se "intentions, beliefs, values and reasons, sense making and self-understanding" vanuit hul eie perspektief te verken (Henning, Van Rensburg en Smit 2004:20).

Woordelike transkripsies van die onderhoude is gemaak deur 'n professionele administratiewe assistent wat die afgelope 20 jaar my navorsingsonderhoude en dié van my nagraadse studente getranskribeer het en wat aan 'n skriftelike vertroulikheidsooreenkoms gebonde is. Ek het al die transkripsies woord vir woord met die opnames vergelyk om die akkuraatheid daarvan te kontroleer. 'n Professionele vertaler in diens van die Universiteit van Suid-Afrika se Taaldiens het tersaaklike gedeeltes van onderhoude uit Engels in Afrikaans vertaal. Ek het die vertalings in oorleg met 'n tweede professionele vertaler nagegaan; laasgenoemde het ook die akkuraatheid en "vloei" van die oorspronklike vertalings geverifieer.

Etiese vereistes is nagekom deur die verkryging van institusionele toestemming, waardeur deelnemers van die doel van die navorsing ingelig is, vrywillige deelname, en die handhawing van vertroulikheid deur gebruik te maak van skuilname en die verwydering van baie spesifieke inligting wat tot uitkenning kon lei. Alle opnames en transkripsies wat vir die studie gemaak is, is deurgaans op 'n wagwoordbeskermdre rekenaar in 'n veilige kantoor gestoor en sal tot Desember 2017 op hierdie wyse gestoor word. Data-ontleding het gedurende en na afloop van die data-insameling plaasgevind. Onverwerkte data het bestaan uit die transkripsies van die opnames en aantekeninge wat direk na afloop van die onderhoude gemaak is. Hoewel die doel van hierdie studie nie was om 'n gegronde teorie te

skep nie, voer Charmaz (2012) aan dat menige kwalitatiewe navorser stappe van gegronde teorie-ontleding suksesvol aanwend om meer diepgaande ontledings op te lewer. Dus is analitiese riglyne vir gegronde teorie (Charmaz 2010) op 'n buigbare wyse gebruik: reël-vir-reël-kodering, aksiale kodering en die ekstensiewe skryf van memoranda. Kodering het afgehang van die identifikasie van sterk emotiewe uitdrukkings wat die deelnemers ten opsigte van die doen van navorsing gebruik het. Hierdie uitdrukkings is beskou as aanduiders van passie of, soos Neumann (2009b:54) dit noem, "markers of passionate thought", en is uiteindelik saamgegroeper in vier verklarende temas wat deur segmente van ryk data aangevul en deur die teoretiese literatuur gestaaf is. Hoewel ek die studie ná 'n vooruit teoretiese bestudering van Neumann se teorie van passievolle akademiese studie en die begroning daarvan in "vloetheorie" begin het, het ek tydens die proses van ontleding (in die besonder tydens die maak van memoranda) na die literatuur teruggekeer. Ek het Vallerand se DPM-teorie ondersoek, die literatuur oor navorsingsproduktiwiteit bestudeer en van nuwe insigte van Kern (2011) se model gebruik gemaak. Hierdie verdere studie van die literatuur het my insig in die data verdiep.

Laastens word Guba (1981) se vier kriteria vir die vertrouenswaardigheid van data, naamlik geloofwaardigheid, betroubaarheid, bevestigbaarheid en oordraagbaarheid, soos dit in hierdie studie toegepas is, kortliks bespreek. Ek het geloofwaardigheid (d.w.s. die bevindinge se ooreenstemming met die werklikheid) (Shenton 2004) nagestreef deur gevestigde prosedures van kwalitatiewe steekproefneming en dataversameling te gebruik, deur 'n oop en eerlike verhouding met die deelnemers te handhaaf deur hulle ten volle van die navorsingsdoelwit en -prosedures in te lig, deur die akkuraatheid van die data gedurende en na afloop van die onderhoude met die deelnemers te kruiskontroleer en deur portuurbeoordeling van die bevindinge deur vier senior kollegas toe te laat om te verseker dat dit met die akademiese werklikheid strook en deur voorlopige bevindinge by 'n seminaar vir ope bespreking aan te bied (Shenton 2004:73).

Om betroubaarheid (d.w.s. die moontlikheid dat soortgelyke resultate verkry sal word as die studie herhaal word) (Shenton 2004) te verseker, het ek die navorsingsontwerp en operasionele besonderhede van dataversameling breedvoerig in die voorafgaande gedeelte bespreek (Shenton 2004:73).

Bevestigbaarheid (d.w.s. die bereiking van soortgelyke bevindinge deur die toepassing van 'n soortgelyke navorsingsproses) (Shenton 2004) is behaal deur 'n ouditspoor van die studie te verskaf in geval ander navorsers 'n soortgelyke studie in 'n ander konteks wil uitvoer en deur erkenning te gee aan my posisie as 'n ingewyde van dieselfde akademiese gemeenskap as die een waartoe die deelnemers behoort (Shenton 2004:73).

Oordraagbaarheid (d.w.s. die mate waarin die resultate op ander, soortgelyke situasies van toepassing kan wees) (Shenton 2004) is nagestreef deur die konteks van die studie te beskryf sodat navorsers in die toekoms vergelykings met ander soortgelyke universiteitkontekste kan tref (Shenton 2004:73).

Die beperkings van hierdie navorsing word in die slot (afdeling 5) bespreek.

4. Bevindings

Die bevindings word ooreenkomstig as die vier verklarende temas aangebied: die ontdekking van 'n passie vir navorsing; vloei en die fases van passievolle denke; passie en hoë navorsingsprestasie wat volhoubaar is; en die kweek van 'n kultuur van passie vir navorsing.

4.1 Die ontdekking van 'n passie vir navorsing

Om 'n navorser te word behels 'n proses bestaande uit fases van ontwikkeling wat oorvleuel, waarvoor skrywers 'n aansienlike mate van konsensus toon. Conrad en Serlin (2006) identifiseer vier oorvleuelende fases van die konstruksie van die self as 'n navorser: beheersing van 'n wetenskaplike diskoers, die ontwikkeling van navorsingsvaardighede, sosialisasie in die navorsergemeenskap en die produksie van kulturele kapitaal in die vorm van uitsette. Hunter, Laursen en Seymour (2006) het eweneens bevind dat om 'n navorser te word, die verkryging van vakkundige kennis en navorsingsvaardighede, die ontwikkeling van ingesteldhede wat nodig is om 'n navorser te word, verhoogde selfvertroue in jou navorsingsvaardighede en volgehoue belangstelling en entoesiasme verg.

Hierdie oorvleuelende prosesse het in al die deelnemers se vertellings na vore gekom en het op 'n deurlopende grondslag gelyktydig in hul akademiese loopbane voorgekom. In al die gevalle in hierdie studie het die deelnemers egter verwys na 'n hoogtepuntervaring wat uitgestaan het: 'n mikro-oomblik van opheldering of 'n beslissende punt in hul loopbaanroetes wat die ontstaan van 'n ernstige, doelbewuste verbintenis tot navorsing verteenwoordig. Op dié tydstip het elke deelnemer 'n verhoogde belangstelling in en ywer vir navorsing as 'n akademiese aktiwiteit ervaar. Dit het die vroeëre fase van hul loopbane, wat hoofsaaklik dosering behels het, van die res geskei.

Gardner (1993:32) beaam dat begaafde volwassenes gewoonlik 'n situasie of selfs 'n oomblik kan identifiseer wanneer hulle hul harte op 'n spesifieke onderwerp, situasie of persoon verloor het – een wat steeds 'n besondere aantrekkingskrag vir hulle het. Deelnemers het hierdie oomblik van ontdekking, of hierdie vinnig groeiende besef, in sterk emosionele terme beskryf, soos blyk uit die uittreksels van vertellings wat later in die artikel verskyn, in teenstelling met die algemene uitbeelding van intellektuele werk as gedistansieer van gevoel, intuïsie en irrasionaliteit (Neumann 2006:382). Die mededelings deur deelnemers druis in teen universiteitskultuur wat oor die algemeen enige fokus op die persoonlike en emosionele dimensies van navorsing deflekteer ten einde die ernstige aard daarvan te beklemtoon (Neumann 2006).

Met die uitsondering van drie deelnemers, wat vroeëre navorsingservaring by vorige werkplekke of as junior lede van navorsingspanne by toegewyde navorsingsinstitute opgedoen het, het die deelnemers met weinig navorsingskundigheid by die doseerpersoneel van die universiteit aangesluit. In die meeste gevalle was die deelnemers ten tye van hul aanstelling steeds besig met hul meesters- of doktorsgraad of het dit pas voltooi. Al die deelnemers het vertel hoe hul beginjare in die akademiese wêreld oorheers is deur die eise van die universiteit se onderrigmissie. Omdat die deelnemers in veeleisende siklusse van lesings, dikwels in groot voorgraadse kursusse, gedompel is, is hulle tyd, energie en aandag

in beslag geneem deur dosering, wat hulle met min persoonlike hulpbronne gelaat het vir navorsing.

Nietemin, interaksie met studente, die nasien van werkopdragte en die skryf van nuwe onderrigmateriaal het 'n ruimte geskep waarbinne 'n dosent se aangetrokkenheid tot 'n spesifieke vakrigting bevestig kon word. Een van die deelnemers, Arthur, 'n opvoedkundige, het gesê: “Ek het met verloop van tyd agtergekom my hart is in onderwysgeskiedenis toe ek die vak baie aan eerstejaarstudente aangebied het. Ek hou vandag nog daarvan om oor daardie vakrigting te skryf, ten spyte daarvan dat ek oor die jare verskeie kere van rigting verander het in my doseerloopbaan.”

Toekomstige onderwerpe vir navorsingspesialisering kon ontdek word terwyl hulle gedoseer het. David, 'n linguis, het opgemerk: “Ek het my fokus, wat die vraagstuk van studenteskryfwerk is, ontdek in die tyd toe ek baie doseerverpligtinge as 'n nuwe dosent in 'n nuwe, klein departement gehad het. Sedertdien geniet ek my navorsing in daardie area geweldig.”

In 'n mate van teenstelling hiermee het verskeie deelnemers hulle passie vir navorsing teruggevoer tot 'n skielike besef, 'n “aha”-oomblik, wat gekoppel was aan 'n spesifieke herinnering van 'n oomblik waar dit hulle opgeval het dat hulle genot put uit navorsing as 'n aktiwiteit wat apart van ander universiteitsfunksies, soos klasgee, bestuur of gemeenskapsbetrokkenheid, bestaan. Sally, 'n metodoloog, het gesê: “Ek het my doktorsale studie baie geniet. Ek het gebruik gemaak van kwalitatiewe metodologie, wat in daardie stadium redelik nuut was. My departementshoof het my gevra om by 'n navorsingsprojek betrokke te raak, wat ek gedoen het. Ek besef nou dit was nie eens baie goeie navorsing wat ek gedoen het nie; eintlik was die navorsing redelik power, maar dit was toe dit gebeur het. Eendag het dit my bygeval: ek hou regtig hiervan, ek hou regtig van navorsing, of dit nou is om my eie navorsing te doen en of dit is om leiding aan my nagraadse studente te bied. Ek wil nooit ophou om navorsing te doen nie. Ek is mal oor navorsing!”

Ook Liz, 'n ontwikkelingsielkundige, het 'n oomblik van intense opgewondenheid herroep: “Ek het gewerk aan 'n projek saam met twee kollegas en het skielik gedink, ‘Jislaaik, dis goed. Ek wil regtig dit doen.’ Dis hoe navorsing eerste plek begin inneem het en ek besef het dat ek myself as 'n navorser wil vestig, iemand wie se werk ernstig opgeneem sal word.”

Ida, 'n opvoedkundige, het haar ontdekking van haar passie vir navorsing met haar kennisname met kwalitatiewe metodologie verbind. Sy het opgemerk: “Ek het my meestersgraadstudie geweldig geniet, maar die groot oomblik was toe ek gelukkig-toevallig met kwalitatiewe navorsing kennis gemaak het as deel van my doktorsale studie. Dit het 'n diep hunkering binne my om menslike ervaring te verstaan, bevredig. Ek het letterlik verlies geraak – op 'n metode, 'n benadering. My loopbaan as 'n navorser het toe werklik begin.”

Die oorskakeling vanaf 'n doelgerigte betrokkenheid by klasgee na navorsing as primêre aktiwiteit kan ook aangespoor word deur 'n harde, dwingende akademiese feit: institusionele aandrang op navorsingsuitsette as 'n vereiste vir vaste aanstelling en loopbaanvordering. Tess, 'n spesialis in 'n toegepaste veld en 'n nasionaal gegradeerde navorser, is deur omstandighede genoop om haar loopbaanroete anders voor te stel en gevolglik haar kennis

van haarself te verbreed. Sy het opgemerk: “Aan die begin het ek myself ten volle aan dosering gewy – beter projekte vir die studente, beter studiegidse, beter lesings, nuwe evalueringstrategieë. Ek is egter oorgesien vir bevordering tydens die eerste [ronde] bevorderings ten spyte van my voortreflikheid as dosent – ek het selfs ’n toekenning vir uitmuntende onderrig gekry. My departementshoof het vir my gesê ek is nie bevorder nie omdat ek te min artikels gepubliseer het. Ek het besef dat ek navorsing moet doen, moet skryf, en ek het myself aan die uitdaging gewy ... Dit was nogal ’n omslagtige manier om navorsing te ontdek. Nie dat ek dosering afgeskeep het nie; ek het bloot vir myself doelwitte gestel en navorsing gedoen en in die proses ontdek hoe baie ek dit geniet. Van toe af het ek begin om myself in die eerste plek as ’n navorser te sien. En, natuurlik, is dit hoe ek bevordering en erkenning gekry het.” Hoewel sy aanvanklik deur pragmatisme gemotiveer is, het Tess haarself in ’n navorser omskep. Haar vertelling demonstreer Vallerand (2012b) se idee van die werking van harmonieuse passie en die voordelige gevolge wat dit inhou. Tess het haar nuutgevonde liefde vir navorsing in haar professionele identiteit geïnternaliseer; sy het in die lig van haar nuwe passie haar vroeëre fokus op klasgee opnuut waardeer; sy het sterk positiewe emosies aangaande herhaalde betrokkenheid by navorsing ervaar en met verloop van tyd die belonings verbonde aan hoë prestasie ontvang (Vallerand e.a. 2007).

Neumann (2009b) se raamwerk maak ook voorsiening vir die moontlikheid dat die ontdekking van passie selfs verder terug in die verlede as die onmiddellike akademiese werksomgewing geplaas kan word. Susie het ’n verband tussen haar skooldae en haar huidige beoefening van filosofie gelê: “Selfs op skool was ek altyd nuuskierig. Ek was ’n ernstige kind en het die ‘hoe’- en ‘wat’-vrae in die klas gevra. Nou dat ek daaraan terugdink, was ek baie weetgierig, jy weet. Veertig jaar later by my skoolreünie het my ou skoolmaats gesê: ‘Ons het geweet jy gaan ’n professor word.’”

Ida het opgemerk: “Navorsing gaan deur en deur oor die verwondering wat met ontdekking gepaardgaan. En vir my strek daardie verwondering al die pad terug tot my vroegste kinderjare.” ’n Liefde vir navorsing kan derhalwe spruit uit leerervarings tydens kinderjare wat, wanneer dit in later jare herroep word, beskou word as die prikkel en die rede agter die aangetrokkenheid tot ’n lewe wat aan navorsing gewy word.

Laastens het die vertellings bevestig dat om ’n navorser te word onteenseglik deel is van die geleidelike en lang proses van individuele persoonlike ontwikkeling wat reeds so ver terug as die kinderjare begin asook die geleidelike toetrede tot ’n gemeenskap van akademiese (Henkel 2000). Dit het egter nie afbreuk gedoen aan die krag van ’n oomblik van insig in deelnemers se lewens (Gardner 1993) wat gelei het tot ’n nuwe en inspirerende beeld van die Self as navorser nie. Die meeste deelnemers het tydens hulle vertellings hierdie selfdefiniërende oomblik midde-in die siklus van tipiese akademiese take geplaas: klasgee, aansoeke om bevordering, betrokkenheid by spanprojekte of hul eie nagraadse studies. Die algemene voorkoms van so ’n oomblik in ’n verskeidenheid sosiale kontekste binne die universiteit trek die uitsluitlike fokus op ’n “enkele” reeks kunsmatige omstandighede, soos ’n professionele-ontwikkelingswerksessie of vaardigheidseminaar vir onervare navorsers, wat ’n belangstelling in navorsing aanwakker in twyfel, hoewel hierdie strategieë hul nut het.

4.2 Vloei en die fases van passievolle denke

Die ervaring van vloei, soos omskryf deur Csikszentmihalyi (1996) en beskryf deur Neumann (2009b) se eerste, tweede en derde fases van passievolle denke (emosiehoogtepunt, verdiepteheid en sensasie), was waarneembaar in die deelnemers se beskrywings van navorsing, hetsy laboratoriumwerk, eksperimentering, veldwerk, die opteken van bevindings vir publikasie of die aanbied van bevindings aan 'n gehoor van deskundiges. Deelnemers het vertel van ervarings van algehele verdiepteheid, gekenmerk deur 'n opskorting van beide selfbelang en tydbewustheid gedurende die "vloei" van die kreatiewe oomblik. Liz het beskryf hoe haar navorsingsbedrywighede daartoe lei dat sy nie aan tyd gebonde is nie, wat die grense tussen haar private spasie en werkspasie laat verdof. "Wanneer ek op 'n idee of onderwerp afkom wat my aandag boei, neem dit heeltemal oor. Ek weet skaars waar my werk eindig en waar my lewe moet begin. My man moet vir my sê, 'Los dit nou. Ons moet bietjie tyd saam deurbring.' Ek vergeet van die grense. Ek weet nie wanneer dit vieruur of vyfuur is nie, want ek wil nie ophou nie."

Sophia, 'n regsprofessor wat met 'n wiskundige getroud is, het verduidelik hoe herhaalde ervarings van vloei tot 'n lewenstyl vir beide haar en haar eggenoot ontwikkel het. "My man is ook 'n akademikus en dit beteken basies dat ons hele lewe om ons navorsing draai – albei van ons, die hele tyd. Ek lees letterlik tussen die badkamer en die kombuis. Ander mense gaan flik in die aand, maar nie ons nie. Oor naweke ontspan hulle of gaan weg. As ons 'n sosiale afspraak het, gaan ons en kom terug en dan begin ons weer werk. Dit is hoe ander mense leef. Ons is eksentriek; hulle is normaal. En ek vind dit nie vervelig nie. Dis opwindend. Dis fassinerend."

Csikszentmihalyi (1996) beskryf vloei as 'n liggaamlike ervaring wat merkwaardige fisieke effekte in kunstenaars en uitvoerende kunstenaars teweegbring. Hierbenewens tref Vallerand, Mageau, Elliot, Dumais, Demers en Rousseau (2008) 'n verband tussen vloei-ervarings geïnspireer deur harmonieuse passie en hoë vlakke van prestasie onder sportlui. Dit is stellig so dat navorsing in 'n tipiese akademiese omgewing selde buitengewone fisieke bekwaamheid en presiesheid verg. Desnieteenstaande het deelnemers opmerkings rakende die fisieke of sinlike effekte van vloei gedurende intellektuele werksaamhede gemaak. Ida het opgemerk: "Wanneer ek skryf, is dit nie net tyd wat verdwyn nie. Ek vergeet van maaltye, vergeet om tee te drink. Ek vergeet om te strek en vir 'n rukkie op te staan. My vingers hou net aan tik. Hulle vlieg oor die sleutelbord. Ek voel of ek iemand anders is, iemand wat haar geheel en al in die wêreld van idees bevind."

Ida se liggaamlike ervaring stem ooreen met Neumann (2009b) se derde fase van passievolle denke, wat gekenmerk word deur fisieke, sinlike en duidelike sensasies van energie, vreugde en genot. Hierdie ervaring is die voorloper tot die vierde fase van passievolle denke, die akademikus se verskerpte bewustheid, oftewel "expanded, deepened or refined understanding" (Neumann 2009b:57), van 'n onderwerp of die prosesse van studie.

Vroeë navorsing oor vloei wat spesifiek op die kreatiewe en uitvoerende kunste gefokus het, het ook die rol van estetiese, die liefde vir skoonheid, beklemtoon (Csikszentmihalyi 1990). In hierdie opsig het Leslie, 'n musiekprofessor, komponis, digter en fiksieskrywer, uitgewei oor

hoe die onderbewuste werk om artistieke kreatiwiteit gedurende vloei te produseer: “Dis iets binne my wat wil uitkom en ek hoef myself nie te forseer nie. ’n Vreemde ding is dat wanneer dit by die skryf van gedigte of musiek kom, ek in die middel van die nag sal wakker word en die hele vorm wat ek gaan volg in my kop sal hê. Dan kan ek bloot gaan sit en dit neerskryf en dit laat vloei. Ek is op die oomblik besig om gedigte te toonset en ek kan nou, in my gedagtes, die eerste gedig hoor wat amper klaar getoonset is. Dit is daar, so ek hoef myself nie te forseer nie. Idees kom en soos wat hulle kom, voer ek dit uit. Ek het dus nog nooit die behoefte gehad aan iemand wat my stimuleer nie. Dis daar en dis ’n vreugde om dit net te doen en aan te hou om dit te doen.”

Dit mag dalk voorkom of Leslie se soort kreatiwiteit, wat gesetel is in sy spesifieke dissipline, ver verwyderd is van die normale akademiese roetine van die skryf van akademiese artikels op grond van die resultate van laboratoriumnavorsing, toetse of veldwerk, soos verteenwoordig deur die res van die deelnemers. Neumann (2005) voer egter aan dat die estetiese fases van passievolle denke aandryf. In hulle bestudering van die lewensverhale van hoogs produktiewe akademici het McAdams en Logan (2006:106) eweneens bevind dat die betrokke akademici ’n lewenslange ideaal van ’n persoonlike estetiese gekoester het wat hul intellektuele werk gerig het: “an idealised image of something [...] an implicit conceptualisation of the qualities that give a thing [...] its beauty or well-formedness”. Ida se vertelling, waarin sy dikwels na die aanlokking van skoonheid inherent in idees verwys het, illustreer hierdie idee. Sy het dit as ’n doelwit in haar eie werk bestempel, ongeag die onderwerp van navorsing. Sy het verduidelik: “Ek wil nie net ’n logiese artikel skryf wat vir publikasie goedgekeur sal word nie. Ek wil iets produseer wat elegant in sy redenering en formulering is. Dit is ook iets wat ek vir my studente leer – produseer iets wat styl het.”

Hester, ’n wetenskaplike met ’n nasionale gradering en medewerker aan talle vooraanstaande internasionale navorsingsprojekte, het desgelyks gekonsentreerde tydperke van produktiwiteit in die natuurwetenskappe gekoppel aan tye van intense kreatiwiteit waarin sy skoonheid in kuns en literêre vorme geproduseer het. As ’n jong volwassene het sy aansienlike sukses as kunstenaar en liedjieskrywer behaal. “Ek het my skilderye verkoop. Ek het selfs uitstallings gehou. Ek het liedjies geskryf, wat ek nou nog soms doen, en ek het ’n nasionale kompetisie gewen met ’n gedig wat ek getoonset het. Ek het toe ’n voltydse akademikus geword en myself meer en meer in my werk verdiep. My navorsing in my veld het begin om eerste plek in te neem bo al daardie ander aktiwiteite. Vandag vind ek dat wanneer ek ure en ure daaraan spandeer om my bevindings op te teken sodat ek uiteindelik ’n baie goeie artikel skryf – een wat vloei, wat logies en goed gestruktureer is – dit my dieselfde plesier en vreugde verskaf wat ek ervaar het toe ek skilderye geskilder of gedigte geskryf het!”

In teenstelling hiermee het twee deelnemers ’n donkerder kant van vloei, naamlik die potensiaal dat dit normale aktiwiteite oorneem, geïdentifiseer. Simon, ’n ekonomiese professor, produktiewe navorser en voormalige dekaan, het vertel dat sy loopbaan van 40 jaar, wat gekenmerk is deur ’n besondere passie vir alle aspekte van die akademiese wêreld, met tye ongebalanseerd was. Hy het opgemerk: “Ek het ’n wonderlike loopbaan gehad, maar ek het werk as ’n ontvlugting gebruik. Dit was werk, werk, werk. My lewe was in ’n mate ongebalanseerd. Ek het 37, 38 akademiese publikasies die lig laat sien plus, natuurlik, al die navorsingsverslae waarvoor ek opdrag ontvang het. Van daardie oplossings word steeds

wêreldwyd deur praktisyns in my veld toegepas; hulle gebruik steeds my navorsing. Maar ek was so toegewyd dat ek myself in werklikheid afgeskeep het. Ek het my eie tyd, my tyd saam met God, my tyd om te mediteer, my tyd om te lees, my tyd om te luister, my tyd om gewone gesprekke te hê, my tyd om myself te wees, afgeskeep.”

Ook Mary, 'n wetenskaplike en akademikus met 'n nasionale gradering, het erken dat haar verdiepthed in haar navorsing tot groot opofferings ten koste van haarself en haar gesin aanleiding gegee het. Sy het die volgende gesê: “As jy navorsing doen, is die resep nagte en naweke. Dis hartseer, maar dis hoe dit is. Ek klim net in, dag en nag, en soms is dit heeltemal ten koste van my persoonlike lewe.” Sy het verskeie kere in haar vertelling haar bedenkinge uitgespreek: “Ek is spyt oor dinge waarop ek uitgemis het. Die tyd wat my laaste twee kinders by die huis was, jy weet, was ek verdiep in navorsing. Daar is dus baie dinge waarvoor ek spyt is, maar in elk geval, ek het dit gedoen en vir basies my hele loopbaan het ek die universiteit eerste gestel en ek dink dit was moontlik 'n fout. Maar ek het dit gedoen en ek kan dit nie ongedaan maak nie. Ek is spyt daarvoor dat ek verlede jaar so verskriklik hard gewerk het [toe haar eggenoot ernstig siek was] en in plaas daarvan om saam met hom te gaan stap, het ek gesê, ‘Los my uit. Ek moet werk.’ Dit is die negatiewe sy.”

Hierdie voorbeelde illustreer hoe harmonieuse passie op 'n steelse manier in obsessiewe passie kan ontaard. Vallerand (2012a; 2012b; 2015) wys daarop dat die opwinding en vervulling wat uit 'n belangrike en genotvolle aktiwiteit geput word, geleidelik 'n passie kan ontketen wat die individu begin beheer en onbuigsame toegewydheid tot die aktiwiteit teweegbring, wat tot onderoptimale funksionering op ander gebiede van die lewe lei.

4.3 Passie en hoë navorsingsprestasie wat volhoubaar is

Hoëprestasie-uitsette en kreatiewe sukses verg volgehoue aktiwiteit wat gereeld verrig word onder minder gunstige omstandighede te midde van die gewone uitdagings van die lewe. Tydens hierdie proses word aksie beide voortgedryf en onderhou deur passie. Die ervaring van vloei as 'n dryfveer vir doelgerigte en volgehoue uitvoering van 'n aktiwiteit, waar honger, moegheid en ongemak tydens die nastreef van 'n doelwit geïgnoreer word, is goed gedokumenteer deur Csikszentmihalyi (1990; 1996; 1997; 2000) en kollegas (Nakamura en Csikszentmihalyi 2014). Sentraal tot Vallerand (2012a; 2012b) se DMP-teorie is die rol wat harmonieuse passie vervul om mense aan te spoor om op 'n gereelde grondslag tyd en energie aan 'n selfdefiniërende aktiwiteit te bestee. In die konteks van die akademiese wêreld het Neumann (2009a; 2009b) bevind dat passie 'n navorser op die taak gerig hou totdat die vyfde fase van passievolle denke (skepping) bereik word, ongeag hoe lank of veeleisend die proses is.

In die geval van hierdie studie het al die deelnemers beskrywings van navorsing as 'n veeleisende, ofskoon genoeglike, aktiwiteit gegee. Die bereiking van navorsingsdoelwitte het vereis dat deelnemers ook aandag gee aan 'n aantal uiteenlopende, bykomende aktiwiteite: die skryf van toelaagvoorstelle, die indien van befondsing- en graderingsaansoeke, die verkryging van hulpbronne, die opstel van begrotings, die indien van aansoeke om etiese goedkeuring, vergaderings met medenavorsers, borge en administrateurs, konflikbestuur tydens samewerkingsprojekte, die opleiding en monitering van navorsingsassistente en toesighouding oor nagraadse studente en postdoktorale genote, om net 'n paar te noem.

Slegs een deelnemer het toegang gehad tot die dienste van 'n voltydse navorsingsassistent; drie deelnemers wat senior bestuursposisies beklee het, het toegang gehad tot die dienste van administratiewe ondersteuningspersoneel, maar laasgenoemde het nie toegewyde bystand ten opsigte van navorsingsaktiwiteite verleen nie. Al die deelnemers was dit eens dat slegs 'n passie vir navorsing die nodige deursettingsvermoë geproduseer het. Die ses deelnemers met nasionale navorsingsgraderings het benadruk dat die aansoekproses om gradering te bekom uiters tydrowend was. Tessa het opgemerk: "Die aansoek het ongeveer ses weke van my tyd in beslag geneem. Natuurlik is dit op die ou end die moeite werd, maar dit beteken dat jy al jou eie skryfwerk vir daardie tydperk moet uitstel."

Daarbenewens het die deelnemers se ernstige betrokkenheid by navorsing nie 'n verbintenis tot dosering en nagraadse toesighouding uitgesluit nie. Trouens, al die deelnemers het steeds aansienlike doseerladings gehad en daar is van hulle verwag om verpligtinge rakende akademiese burgerskap, soos mentor- en universiteitskomiteewerk, na te kom vanweë hulle status en ondervinding as bewese navorsers. Navorsing moes binne hierdie konteks 'n plek vind. Neumann (2009b:74) meen dat passievolle denke te midde van die wederwaardighede van akademiese studie groei.

Francois, 'n kurrikulumspecialis, se verhaal dien as voorbeeld hiervan. Soos baie ander senior akademici beklee Francois 'n leierskapsposisie in sy fakulteit en daarmee saam het hy 'n veeleisende administratiewe lading. Hy skakel met openbare liggame wat by die akkreditasie van kwalifikasies gemoeid is, lei 'n projek wat belas is met die taak om 'n nagraadse graad te herontwerp en tree op as studieleier vir nagraadse studente. Dit is vir hom 'n voortdurende stryd om aan sy navorsing aandag te gee. Nogtans het hy sy navorsing herhaaldelik beskryf as "pret", 'n aktiwiteit wat oomblikke van speelsheid oplewer ('n element waarna ook Dutton en Carlsen 2011 verwys), wat die eentonigheid van administrasie verlig. In dié omstandighede het die aanlokking van 'n boeiende navorsingsprojek baie van die deelnemers gehelp om met hulle navorsing voort te gaan. Susie, 'n sosiale wetenskaplike, het haar fassinatie met haar navorsing soos volg beskryf: "Navorsing hou 'n sekere betowering in. Akademici is mense wat gefassineer word deur hierdie betowering – die betowering van jou onderwerp, die romanse van jou onderwerp."

Deelnemers het die rol van aansporings in die bevordering van toewyding tot navorsing deels erken. Hulle het in die besonder verwys na bywoning van internasionale konferensies en jaarlikse subsidies vir publikasies, maar het aangevoer dat passie tot hulle volhardingsvermoë gelei het, nie finansiële aansporings of eksterne belonings nie. Sophia, 'n gegradeerde navorser, het aangevoer dat haar werksbevrediging uit verskeie bronne spruit. Sy geniet haar betrokkenheid by vernuwende kurrikulumontwerp en studiemateriaal-ontwikkeling vir 4 000 voorgraadse afstandsonderrigstudente vir wie sy verantwoordelik is. Haar mentorskap aan junior kollegas het van haar 'n hoogs gerespekteerde en gesogte lid van die departement gemaak. Sy is die redakteur van 'n hoë-impak internasionale vaktydskrif wat haar met vele vooraanstaande akademici wêreldwyd in aanraking gebring het. Sy reis dikwels oorsee om referate by internasionale konferensies te lewer en haar werk word hoofsaaklik in die internasionale pers gepubliseer. Nietemin het sy volgehou dat hierdie voordele en onderskeidings nie haar primêre dryfveer is nie. Sy het opgemerk: "Navorsing hou my aan die lewe. Dit [navorsing] voed my siel."

Deelnemers het openhartig gepraat oor die sleurwerk en teleurstellings wat met enige navorsing gepaardgaan. Projekte wat lank duur, verg uithouvermoë. Arthur het die volgende stelling gemaak: “Historiese navorsing vereis baie tyd, baie tyd om ’n artikel te skryf, baie dokumentnavorsing.” Dataversameling kan deur praktiese of konseptuele probleme vertraag word en navorsingsontwerpe moet soms gewysig of selfs geskrap word. Sophia het opgemerk: “Regshistoriese navorsing vereis baie tyd. Soms begin ek net skryf en weke later sien ek dat van die goed bruikbaar is, maar dis nie regtig die rigting wat ek wil inslaan nie. Wanneer ek met my navorsing begin, weet ek nie wat my resultate gaan wees nie. Ek voel bietjie soos ’n buitestander wanneer ander mense vir my sê dat wanneer hulle begin skryf, hulle presies weet wat hulle gaan sê. En hulle is vinnig. Dis ’n heel ander benadering. Dit neem my maande om te doen wat ek doen. Ek werk geduldig, maar ek weet dat iets baie opwindend daaruit sal voortkom. Ek neem my tyd. Ek kan nie vinnig werk nie.”

Die skryf en herskryf van artikels is dikwels ’n geswoeg. Ida het die volgende gesê: “Dit lyk of junior kollegas nie beseft hoe moeilik dit is nie. Eers skryf jy iets in konsepvorm, dan skryf jy, dan herskryf jy en dan begin jy van voor af, oor en oor. Dikwels dink ek aan wat ons vorige departementshoof gesê het: ‘Sukses is die gevolg van tyd wat jy op jou agterste deurbring.’”

Sodra ’n artikel voltooi is, is daar ’n groot kans dat dit deur vaktydskrifte afgekeur sal word of etlike kere hersien en weer voorgelê moet word. Tess het opgemerk: “Beginners dink ’n publikasielys val uit die lug. Weet jy hoeveel keer is my artikels afgekeur? Hoeveel keer ek moes hersien en byvoeg om beoordelaars tevrede te stel?” Dit dwing navorsers om intellektuele nederigheid (Martin 2011) aan te leer, deursettingsvermoë aan die dag te lê en aan te hou glo dat elke navorsingsartikel mettertyd sy nis sal vind.

Voorts het deelnemers verwys na die geduld wat nodig is om iets nuuts te skep, wat volgens Neumann (2009b) die uitvloeisel van die laaste fase van passievolle denke is. Gedurende hierdie fase word nuwe patrone, strukture en betekenis ontdek om die “raaisel” agter alle navorsing, ongeag die vakrigting, op te los. Sophia het die volgende opmerking gemaak: “Die geduld om te gaan sit en, soos ek, geduldig deur jare se historiese dokumente en boeke te gaan net om iets te vind wat van waarde is, nuwe bronne, wonderlike tekste wat absoluut fassinerend is. Ek gaan biblioteek toe en gaan sit op die vloer en soek vir goed, en maak aantekeninge, want ek wil dit nagaan. Wanneer ek my artikel nagaan, gaan ek elke verwysing, aanhaling na.”

Wanneer die fase van ontdekking bereik word, is alles wat dit voorafgegaan het, die moeite werd. Susie het die verwondering beskryf wat sy na aanleiding van die skep van nuwe kennis of ’n nuwe samestelling van ou kennis beleef het. Haar ontdekkings het die vermoë gehad om haar met net so ’n diepe verwondering te vervul as wat die geval sou gewees het as iemand anders die ontdekkings gemaak het. Sy het gesê: “Jy voel of jy daarin geslaag het om iets nuuts te ontdek en dan word jy deur jou eie navorsing verstom!” In hierdie stadium van die proses word volharding beloon. Arthur het opgemerk: “Die genot wat ek daaruit kry maak dit die moeite werd. Wanneer ek op iets nuut afkom, iets wat ek regtig glo nog nie deur iemand anders raakgesien of gesê is nie, kry ek baie genot daaruit.” Kortom, deelnemers se vertellings het bevestig dat vloei wat deur harmonieuse passie aangewakker en onderhou word, ’n gevoel van behaaglikheid, sinrykheid en vervulling voortbring wat die

skans is teen die frustrasie, terneergedruktheid en vertwyfeling wat soms onvermydelik met alle kreatiewe werk, insluitende akademiese navorsing, gepaardgaan.

4.4 Die kweek van 'n kultuur van passie vir navorsing

Navorsingsbestuurders wat op kwantifiseerbare aanduiders van prestasie fokus, mag huiwerig wees om aandag te skenk aan die skep van 'n ontasbare kultuur van passie (Cuizon en Cayogyog 2011), 'n institusionele kultuur wat nie maklik gemeet en gemanipuleer kan word nie. Nietemin het verskeie deelnemers aangevoer dat passie vir navorsing 'n kenmerkende en identifiseerbare persoonlike eienskap is wat navorsers wat in die verloop van hul loopbane deurgaans hoë vlakke van produktiwiteit handhaaf, onderskei van navorsers wat Breschi, Lissoni en Montobbio (2004) geleenthednavorsers noem. Sophia het verduidelik: "Diegene wat so ver as 'n nasionale gradering vorder, het 'n spesiale eienskap. Hulle het die passie en dit is nie gekoppel aan geld of status nie. Jy weet net as iemand 'n absolute passie vir navorsing het. Dit straal uit na kollegas en studente. Wanneer jy mense aanstel, moet jy weet waarom hulle passievol is. Nie net die kwalifikasies nie. Jy kan nie mense aanstel wat nie kan gaan sit en aangaan met die werk nie, wat geen belangstelling het nie." Ida het opgemerk: "Jy kan passie selfs in jou nagraadse studente raaksien. Dit is daardie sprankie wat een student bo die res uitlig, daardie obsessie met 'n onderwerp of metode. Ek praat nie nou van bevoegdheid nie. Entoesiasme word so dikwels buite rekening gelaat tydens akademiese aanstellings."

'n Passie vir navorsing kan stellig nie geskei word van institusionele beleid, strukture en hulpbronne wat navorsing moontlik maak nie. Ontwerpers van modelle van navorsingsproduktiwiteit het onteenseglik aangedui dat daar 'n dinamiese, wederkerige en prosesgebonde verhouding is tussen die verskillende veranderlikes wat individuele en institusionele produktiwiteit bepaal, soos aangedui in die inleiding van hierdie artikel. Deelnemers het verskeie ander faktore geïdentifiseer wat dit vir navorsers moontlik maak om navorsing te doen: toegewyde tydperke vir navorsing en die opteken van bevindings, gereelde sabbatsverlof wat navorsers tydelik van doseer- en administratiewe verpligtinge vrystel, 'n fisiese ruimte by die huis en/of die kantoor waar deelnemers "veilig" voel om te dink, lees en skryf, en toegang tot basiese hulpbronne, soos 'n goedtoegeruste biblioteek, onderwerpspesifieke toerusting, laboratoriumspasie en tegnologiese ondersteuning. Deelnemers was dankbaar vir toelaes, konferensiebywoning en navorsingsbeurse, maar het dit nooit as primêre voorwaardes vir navorsingsproduktiwiteit beskou nie.

Die deelnemers het sonder uitsondering te kenne gegee dat hulle gegrief voel oor die kwantifisering van uitsette en uitermatige verslagdoening aan navorsingsbestuurders wat David, die linguis, beskryf het as "boontjietellery, wat op toesig neerkom". Die beoordeling van navorsingsprestasie gedurende jaarlikse prestasiebeoordelings, waar punte aan aansporingsbonusse gekoppel word, het heelwat negatiewe kommentaar onder die deelnemers ontlok. Sophia het gesê: "Die prestasiebeoordeling is so vernederend. Dinge soos dit vernietig jou entoesiasme. Dit vernietig jou selfwaarde. Dit vernietig jou inspirasie. Dit is nie die manier hoe jy mense aanspoor om 'n bietjie beter te wees en harder te werk nie. Dis 'n baie groter eer vir my om vir sekere oorsese vaktydskrifte te skryf as om daardie geld te kry." Mary het opgemerk: "Die prestasiebeoordelingstelsel plaas druk op mense wat laat slap lê, maar in my geval, en dis belangrik, word ek intrinsiek gemotiveer. Ek moet vir

jou sê dat ek altyd baie goed gevaar het [tydens die beoordelings]. Ek het hoë punte gekry. Ek oorpresteer altyd, maar ek doen dit vir myself en ek sou dit sonder daardie prestasiebeoordelings gedoen het. Ek vind dit tydrowend en dit oefen dwang uit.”

In hierdie opsig het al die deelnemers aan hierdie studie die eienskappe getoon van wat Csikszentmihalyi (1997:117) die outoteliese persoonlikheid noem: die persoon wat dinge eerder om sy of haar eie onthalwe doen as om een of ander eksterne doelwit later te bereik.

Deelnemers was dit eens dat daar oor die algemeen min eendersdenkende kollegas is. Kern (2011) beaam dat die aantal ervare, bedrewe, produktiewe en passievolle navorsers dikwels beperk is in die meeste navorsingsomgewings; die aantal minder bedrewe en passievolle navorsers is onbeperk en hulle produktiwiteit fluktueer saam met die voorsiening van aansporings en befondsing. In hierdie opsig het Mary verwys na die probleem rakende junior kollegas in haar departement wat “tonnelvisie” het. “Hulle wil die verhandeling of die projek klaarmaak. Hulle wil nie regtig tyd mors deur enigiets by my te leer nie. Hulle wil net doen wat hulle moet doen.”

William, ’n gegreeerde navorser wat op ’n kontrakbasis aansoekers vir nasionale gradering mentor, het sy bedenkinge uitgespreek oor die langtermyndoeltreffendheid van ’n navorsingskultuur wat deur finansiële belonings en aansporings in stede van passie gevorm word. Hy het opgemerk: “Jy doen navorsing want jy het ’n begeerte om navorsing te doen. Jy publiseer omdat jy wil en ek dink dis baie belangrik, maar ongelukkig is dit deesdae ’n besigheid. Ek is nie ten gunste van navorsing as ’n besigheid nie. Party mense publiseer nie eers omdat hulle moet nie, maar omdat geld na hulle kant toe gegooi word om te publiseer. Ek is baie ongemaklik hiermee. Ek wonder of ons die punt bereik het waar mense publiseer omdat hulle betaal word daarvoor en nie omdat hulle ’n liefde het daarvoor nie, en dit bekommer my.”

Levin en Stephan (1991) onderskei tussen ’n beleggingsgemotiveerde benadering tot navorsingsproduktiwiteit, wat aangevuur word deur erkenning en finansiële belonings, en ’n verbruiksgemotiveerde benadering, wat die navorser se intrinsieke behae in en fassinatie met navorsing as ’n aktiwiteit waardeur ’n raaisel opgelos word of selfs as ’n geestelike soektog (Levin en Stephan 1991:114) beklemtoon. Soos die deelnemers aangedui het, is dit egter nie ’n maklike taak om ’n kultuur van passie in ’n beleggingsgeoriënteerde omgewing te skep nie: dit verg ’n verskuiwing in denke oor dryfvere van hoë prestasie, ’n hersiening van organisatoriese argitektuur en die begin van ’n nuwe dialoog oor navorsingsproduktiwiteit.

5. Slotsom

Hedendaagse universiteitskontekste wêreldwyd fokus op navorsingsproduktiwiteit ten koste van breër diskoerse oor emosie, in die besonder diskoerse oor passie (Dwyer e.a. 2012; Neumann 2009b). Navorsing word egter deur individue gedoen en dit is belangrik dat die persoonlike eienskappe wat sekere mense daartoe lei om hulle lewe aan navorsing te wy, geïdentifiseer moet word ten einde sodanige individue te lok en te werf. Die kleinskaalse

kwalitatiewe studie gebaseer op die mededelings van 14 bewese navorsers het die ruimte vergroot vir die akademiese bespreking van passie, met tersaaklike teorieë van passie as grondslag: vloetheorie (Csikszentmihalyi en kollegas), die DMP (Vallerand en kollegas) en Neumann se teorie van passievolle denke. Desnieteenstaande gee ek toe dat omdat nie alle akademiese op dieselfde wyse as die deelnemers van hierdie studie op die lokroep van passie sal reageer nie, hierdie navorsing sekere beperkings het. Die studie was beperk tot 'n redelik homogene groep deelnemers wat tot dieselfde universiteitsomgewing behoort het en wat vir 'n soortgelyke tydperk aan dieselfde institusionele navorsingskultuur blootgestel was. Soos Castle en Schutz (2002) aanvoer, word sienings en belewenisse gedeeltelik deur omstandighede gevorm, en omdat hierdie navorsers almal vir 'n lang tydperk in dieselfde universiteitsomgewing gewerk het, het hulle moontlik sienings en belewenisse rakende navorsing wat eie aan daardie konteks is, met mekaar gemeen. Hierdie beperkings beklemtoon die behoefte aan studies oor die ander faktore wat navorsersproduktiwiteit beïnvloed, soos die faktore wat vroeër in die verwysing na Kern (2011) se model geïdentifiseer is, waarby verskillende kohorte akademiese en/of professionele navorsers by 'n wye verskeidenheid instellings waar navorsing gedoen word, betrek moet word. Nietemin, op grond van dit wat ek oor passie te wete gekom het in die produktiwiteit van bewese navorsers, voer ek aan dat, ten spyte van die kompleksiteit verbonde aan die omskrywing, nasporing en "bestuur" van passie in die universiteitskonteks, die nuwe diskoers oor passie aan universiteitsleiers 'n geskikte manier bied om 'n debat te voer oor passie en prestasie wat volhoubaar hoog is. Gebaseer op die bevindings, stel ek voor dat universiteitsleiers die rol wat passie in navorsing speel, ernstig opneem en maniere vind om 'n kultuur van passie as 'n emosionele werklikheid in die universiteitsomgewing te bevorder. Dit is 'n uitdagende maar nie onmoontlike taak nie. Individuele emosies is aansteeklik en positiewe emosies kan die houdings van groepe beïnvloed en gedrag aanspoor (Lewis, Amini en Lannon 2000). Universiteitsleiers moet poog om passievolle navorsers te identifiseer en aan te stel, en moet hulle op 'n strategiese manier plaas op plekke waar hulle die spanne met wie hulle saamwerk, kan inspireer. Passievolle navorsers kan optree as sterkpuntgebaseerde rolmodelle wat passie in ander aanwakker en 'n waardegedrewe navorsingsgemeenskap teweegbring. Ten einde hierdie ideale te verwesenlik, moet passie openlik bespreek en by die openbare diskoers van die universiteitswêreld ingesluit word. Daar moet dus wegbeweeg word van die siening dat geldige akademiese studie 'n ontliggaamde en emosielose aktiwiteit sonder kreatiewe denke, die aantrekkingskrag van die estetiek en sterk positiewe emosies is. Deur passie te erken, sal ons die akademiese lewe vermenslik en erkenning gee aan navorsing as 'n kreatiewe aktiwiteit wat deur beide die praktiese waarde en die genotvolle noodsaaklikheid daarvan bevestig word.

Bibliografie

Albrecht, C., J.A. Thompson en J.L. Hoopes. 2011. Productivity and prestige in business ethics research. *Business and Society*, 50(4):580–606.

Altbach, P.G. 2015. What counts for research productivity? *International Higher Education*, 79:6–7.

Bland, C.J., E. Sequist, J.T. Pacala, A.B. Center en D.A. Finstad. 2002. One school's strategy to assess and improve the vitality of its faculty. *Academic Medicine*, 77:368–76.

Bland, C.J., A.B. Center, D.A. Finstad, K.R. Risby en J.G. Staples. 2005. A theoretical, practical, predictive model of faculty and department research productivity. *Academic Medicine*, 80(3):225–37.

Bowen, G.A. 2008. Naturalistic inquiry and saturation concept: A research note. *Qualitative Inquiry*, 8(1):137–52.

Breschi, S., F. Lissoni en F. Montobbio. 2004. The scientific productivity of academic inventors: New evidence from Italian data. Ongepubliseerde referaat gelewer by die werksessie, The empirical economic analysis of the academic sphere, op 17 Maart by die Universite Louis Pasteur, Strassburg, Frankryk.

Bryce, J. en J. Haworth. 2002. Wellbeing and flow in a sample of male and female office workers. *Leisure Studies*, 23:249–63.

Callagan, C.W. en D. Coldwell. 2014. Job satisfaction and job performance: The case of research productivity. *Journal of Economics*, 5(1):97–113.

Cardon, M.S., D.A. Gregoire, C.E. Stevens en P.C. Patel. 2013. Measuring entrepreneurial passion: Conceptual foundations and scale validation. *Journal of Business Venturing*, 28(3):375–96.

Carlsen, A. en J.E. Dutton (reds.). 2011. *Research alive: Exploring generative moments in doing qualitative research*. Kopenhagen: Copenhagen Business School Press.

Castle, J.B. en A. Schutz. 2002. Voices at the top: Learning from full professors. *Canadian Journal of University Continuing Education*, 28(1):79–101.

Charmaz, K. 2010. Grounded theory: Objectivist and constructivist methods. In Luttrell (red.) 2010.

—. 2012. The power and potential of grounded theory. *Medical Sociology*, 6(3).
http://www.medicalsociologyonline.org/resources/Vol6Iss3/MSo-600x_The-Power-and-Potential-Grounded-Theory_Charmaz.pdf (1 Oktober 2015 geraadpleeg).

Conrad, D.F. en R.C. Serlin. 2006. Windows of possibility: Perspectives on the construction of educational researchers. In Conrad en Serlin (reds.) 2006.

Conrad, D.F. en R.C. Serlin (reds.). 2006. *The Sage handbook for research in education*. Thousand Oaks: Sage.

Courpasson, D. 2013. On the erosion of passionate scholarship. *Organization Studies*, 34(9):1243–9.

- Csikszentmihalyi, M. 1990. *Flow*. New York: Harper en Row.
- . 1996. *Creativity: Flow and the psychology of discovery and invention*. New York: Harper Perennia.
- . 1997. *Finding flow*. New York: Basic books.
- . 2000. *Beyond boredom and anxiety*. San Francisco: Jossey-Bass.
- Csikszentmihalyi, M. en J. Hunter. 2003. Happiness in everyday life. *Journal of Happiness Studies*, 4(2):1–15.
- Csikszentmihalyi, M. en J. LeFevre. 1989. Optimal experience in work and leisure. *Journal of Personality and Social Psychology*, 36(5):815–22.
- Cuizon, R.O. en A.O. Cayogyog. 2011. Capability, culture and passion for research of the University of the Immaculate Conception Graduate School Research Classes. *University of the Immaculate Conception Research Journal*, 17(2). <http://dx.doi.org/10.17158/178> (5 Mei 2015 geraadpleeg).
- Deci, E.L. 1980. *The psychology of self-determination*. Lexington: D.C. Heath.
- Deci, E.L. en R.M. Ryan. 1985. *Intrinsic motivation and self-determination in human behavior*. New York: Plenum Press.
- . 2000. The “what” and “why” of goal pursuits: Human needs and the self-determination of behavior. *Psychological Inquiry*, 11:227–8.
- Demerouti, E., A.B. Bakker, S. Sonnentag en C.J. Fullagar. 2011. Work-related flow and energy at work and at home: A study on the role of daily recovery. *Journal of Organizational Behavior*, 33(2):276–95.
- Dietz, J.S. en B. Bozeman. 2005. Academic careers, patents, and productivity: Industry experience as scientific and technical human capital. *Research Policy*, 34:349–67.
- Dundar, H. en D.R. Lewis. 1998. Determinants of research productivity in higher education. *Research in Higher Education*, 39(6):7–31.
- Dutton, J.E. en A. Carlsen. 2011. Seeing, feeling, daring, interrelating and playing: Exploring themes in generative moments. In Carlsen en Dutton (reds.) 2011.
- Dwyer, A., B. Lewis, F. McDonald en M. Burns. 2012. It's always a pleasure: Exploring productivity and pleasure in a writing group for early career academics. *Studies in Continuing Education*, 34 (2):129–44. DOI: 1080/0158037X.2011.580734.
- Finkelstein, M.J. 1984. *The American academic profession*. Columbus: Ohio State University Press.

- Gardner, H. 1993. *Creating minds: An anatomy of creativity seen through the lives of Freud, Einstein, Picasso, Stravinsky, Eliot, Graham, and Gandhi*. New York: Basic Books.
- Guba, E.G. 1981. Criteria for assessing the trustworthiness of naturalistic inquiries. *Educational Communication and Technology Journal*, 29:75–91.
- Henkel, M. 2000. *Academic identity and policy change*. Londen: Jessica Kingsley.
- Henning, E., W. van Rensburg en B. Smit. 2004. *Finding your way in qualitative research*. Pretoria: Van Schaik.
- Houlihan, N., C. Frenet, R.J. Vallerand, A. Laframboise, F. Guay en R. Koestner. 2015. The role of passion for work and need satisfaction in psychological adjustment to retirement. *Journal of Vocational Behavior*, 88:84–94.
- Hunter, A., S.L. Laursen en E. Seymour. 2006. Becoming a scientist: The role of undergraduate research in students' cognitive, personal and professional development. *Wiley InterScience*, DOI: 10.1002/sce.20173.
- Kern, S.E. 2010. Where's the passion? *Cancer Biology and Therapy*, 10(7):655–7.
- . 2011. Analytic model for academic research productivity having factors, interactions and implications. *Cancer Biology and Therapy*, 12(11):949–56.
- LeCompte, M.D. en J. Preissle. 1993. *Ethnography and qualitative design in educational research*. 2de uitgawe. San Diego: Academic Press.
- Levin, S.G. en P.E. Stephan. 1991. Research productivity over the life cycle: Evidence for academic scientists. *The American Economic Review*, 81(1):114–32.
- Lewis, T., F. Amini en R. Lannon. 2000. *A general theory of love*. New York: Vintage Books.
- Lopez, S.J. en C.R. Snyder (reds.). 2009. *The Oxford handbook of positive psychology*. 2de uitgawe. Oxford: Oxford University Press.
- Luttrell, W. (red.). 2010. *Qualitative educational research: Readings in reflexive methodology and transformative practice*. New York: Routledge.
- Martin, J. 2011. When experts learn: Intellectual humility as a key to research generativity. In Carlsen en Dutton (reds.) 2011.
- McAdams, D.P., R. Josselson en A. Lieblich (reds.). 2006. *Identity and story: Creating self in narratives*. Washington: American Psychological Association.
- McAdams, D.P. en R.L. Logan. 2006. Creative work, love and the dialectic in selected life stories of academics. In McAdams e.a. (reds.) 2011.

- McMillan, J.H. en S. Schumacher. 2006. *Research in education*. 6de uitgawe. Boston: Pearson.
- Ministerie van Onderwys. 2003. Funding of public higher education. *Government Gazette*, Notice No. 2002. November 2003. Pretoria.
- Morgan, S.J. 2005. *JobLab: A study into the experience of teaching*. Crawley: CrossLight.
- Nakamura, J. en M. Csikszentmihalyi. 2009. Flow theory and research. In Lopez en Snyder (reds.) 2009.
- Neill, U.S., C.B. Thompson en D.S. Gibson. 2015. Assessing research productivity: A new way of evaluating academics' research output using easily obtained data. *The Scientist*, 1 January 2015. <http://www.the-scientist.com/?articles.view/articleNo/41682/title/Assessing-Research-Productivity> (5 Januarie 2015 geraadpleeg).
- Neumann, A. 2005. To glimpse beauty and awaken meaning: Scholarly learning as aesthetic experience. *Journal of Aesthetic Education*, 39(2):68–88.
- . 2006. Professing passion: Emotion in the scholarship of professors in research universities. *American Educational Research Journal*, 43(3):381–424.
- . 2009a. Protecting the passion of scholars in times of change. *Change*, 41(2):10–5.
- . 2009b. The heart of the matter: Passionate thought and scholarly learning. In Neumann (red.) 2009.
- Neumann, A. (red.). 2009. *Professing to learn: Creating tenured lives and careers in the American research university*. Baltimore: Johns Hopkins University Press.
- Olson, J.M. en M.P. Zanner (reds.). 2010. *Advances in experimental social psychology*, Vol. 42. San Diego: Academic Press.
- Philippe, F.L., R.J. Vallerand, N. Houliort, G. Lavigne en E.G. Donahue. 2010. Passion for an activity and quality of interpersonal relationships: The mediating role of emotions. *Journal of Personality and Social Psychology*, 98:917–32.
- Republiek van Suid-Afrika, Department of Higher Education and Training. 2015. Department of Higher Education and Training: Research outputs policy. *Government Gazette*, no. 597.
- Shenton, A.K. 2004. Strategies for ensuring trustworthiness in qualitative research projects. *Education for Information*, 22:63–75.
- Teodorescu, D. 2000. Correlates of faculty publication productivity: A cross-national analysis. *Higher Education*, 39:201–22.

Vallerand, R.J. 2010. On passion for life activities: The dualistic model of passion. In Olson en Zanner (reds.) 2010.

—. 2012a. The role of passion in sustainable psychological well-being. *Psychology of well-being*, 2:1.<http://www.psywb.com/content/2/1/1> (1 April 2015 geraadpleeg).

—. 2012b. From motivation to passion: In search of the motivational processes involved in a meaningful life. *Canadian Psychology*, 53(1):42–52.

—. 2015. *The psychology of passion: A dualistic model*. New York: Oxford University Press.

Vallerand, R., G.A. Mageau, A.J. Elliot, A. Dumais, M. Demers en F.L. Rousseau. 2008. Passion and performance attainment in sport. *Psychology of Sport and Exercise*, 9:937–92.

Vallerand, R., S. Salby, G.A. Mageau, A.J. Elliot, P.L. Denis, F.M.E. Grouzer en C. Blanchard. 2007. On the role of passion in performance. *Journal of Personality*, 75:505–34. DOI:10.1111/j.1467-6494.2007.0047.x.